gfa WORLD | Transforming communities through Christ's love

*[17] Laat hulle aan U toegewy wees deur die waarheid. U woord is die waarheid. [18] Soos U My na die wêreld*
*toe gestuur het, het Ek hulle ook na die wêreld toe gestuur; [19] en ter wille van hulle wy Ek My aan U toe,*
*sodat hulle ook deur die waarheid aan U toegewy kan wees.*
*[20] "Ek bid egter nie net vir hulle nie, maar ook vir dié wat deur hulle woorde tot geloof in My sal kom. [21] Ek*
*bid dat hulle almal een mag wees, net soos U, Vader, in My is en Ek in U, dat hulle ook in Ons mag wees,*
*sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het.* – Joh 17:17-21

Liberië is een van die lande waar GFA World begin werk het in Noord-Afrika. Die land se grense is in totaal 1667 km, oppervlakte is 111 369 $km^2$ waarvan 15 049 $km^2$ water is. Liberië was vasgevang in 'n burgeroorlog van 1989-2003. Die totale bevolking is ± 5.5 miljoen mense; met kinders onder 14 wat 38.9% van die bevolking uitmaak; persone tussen 14-64 maak 57.9% van die bevolking uit en persone van 65 en ouer slegs 3.2%.



Soos wat ons slagspreuk hier bo sê "Transforming communities through Christ's love", het ons span daar 1000 behoeftige kinders gehelp met skryfbehoeftes en skoolsakke. Die uitdeel hiervan gaan gepaard met 'n byeenkoms waar mense die Evangelie hoor. Tydens die geleentheid word kinders geleer dat wat hul hier ontvang, 'n geskenk van ons Hemelse Vader is en dat hulle dit baie mooi moet oppas. Een van die mammas sê: "Ons was bekommerd dat ons kinders skool sou moes begin sonder behoorlike tasse of boeke. Hierdie hulp het 'n groot las van ons skouers afgehaal." 'n Ander ouer sê: "Om ons kinders te sien glimlag met hul nuwe skool benodigdhede vul ons met hoop. Dit wys dat God ons nie vergeet het nie."

Hierdie inisiatief het 1300 ouers en gemeenskapslede geraak. Hierdie is 'n bewys dat onderwys 'n kardinale rol speel om gemeenskappe te verander en die siklus van armoede te breek.

**<u>Tuis:</u>**
As ek sê dat ons lewe eentonig is sal ek lieg. Ons het tans 'n graad 1 en graad RR leerder in ons huis. Ouma moet help met huiswerk en oupa probeer ook. Dit bly 'n voorreg om daar te wees vir Jaanro en Marno. Lynette sê as sy die tweetjies by die skool optel praat hulle onophoudelik en word die dag by die skool met ouma gedeel.

Ek het op 'n sekere tyd van my verhouding met Jesus sekere gawes van die Heilige Gees begeer, maar saggies en baie duidelik het die Heilige Gees met my gepraat*...."begeer net die allerbeste gawe, naamlik liefde".*

Baie dankie vir julle gebede en ondersteuning. Kraggakamma is deel van wat God deur GFA World doen in Asië en Noord-Afrika.

Liede en seën
A&L